PREEKOPSOMMING



Reekstema: Gebed – die onnatuurlikste ding om te doen.
Tema: ***"Uit die hart is beter as uit die mond".***
Teks: Matteus 6:5-6, 1 Tessalonisense 5:16-18, Lukas 18:10-14.
Teksvers: ***"As julle bid, moet julle nie soos die skeinheiliges wees nie. Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en bid sodat die mense hulle kan sien. Hulle het hulle beloning klaar weg. Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon." (Matteus 6:5- 6)***
Datum: 19 Oktober 2008 (Met doopbediening).
Prediker: Dr Johan Kruger (Tel: 057 3882526/ 0842568031)

Die ideale groeimengsel vir gebed
Haal enige plant uit die tuin uit en plant dit in 'n goed voorbereide pot met sy nodige kompos, superfosfaat en *3:1:5*-kunsmis in, en sal jy gou agterkom dat die plant baie beter groei. Die antwoord lê in ***die groeimengsel*** waarin die plant sy wortels diep kan afsit en natuurlik kan groei. Sy omgewing waarin hy dus groei is belangrik. Om gebed 'n spontane en natuurlike saak in elke Christen se lewe te maak, is dit nodig om *die groeimengsel* van jou "gebedsplant" ideaal te kry vir groei en ontwikkeling. Sodra die groeimengsel reg is sal daar spontane groei en ontwikkeling wees. Dit is tog 'n beginsel van die Koninkryk van God. In Markus 4:26 en 27 sê Jesus: ***"Met die koninkryk van God gaan dit so: Iemand saai die saad op die land en gaan slaap en staan op, dag na dag, en die saad ontkiem en groei – hoe weet hy self nie."*** Presies hoe dit groei weet ons nie – dit groei net! Maar jy moet sorg dat die elemente as deel van die groeimengsel ideaal is.

Die elemente van die groeimengsel
Hier is 'n paar elemente wat deel moet vorm van 'n groeimengsel vir gebed wat dan ook gebed 'n spontane en natuurlike saak in elke Christen se lewe sal maak:

1. Wees eerlik.
Hierdie is ***die superfosfaat*** wat jy in die pot ingooi om die wortels te help om dieper en sterker te word. Enige verhouding word gebou op eerlikheid. As jy en jou vrou of jy en jou kinders nie eerlik met mekaar kan praat nie, gaan daar geen diepte in jul verhouding wees nie. So werk dit ook in gebed. Jou gebed kry sterk en diep wortels wanneer jy eerlik met God kan praa. Kyk jy na al die bekende gebede van Dawid in die Psalms, dan sien jy hoe eerlik hy met God gepraat het. In die bekende Psalm 13 sê Dawid vir die Here: ***"Hoe lank sal U my bly vergeet, Here? Vir altyd? Hoe lank nog sal U anderpad kyk?"*** (vers 2 NLV). 'n Mens wil sommer vir Dawid vra: ***"Maar hoe kan jy so met God praat – God is God!"*** Maar, God wil so graag hê dat jy net eerlik met Hom sal wees. **Die vraag is:** ***Wat gaan op die oomblik in jou binneste aan? Hoe gaan dit daar in jou binneste waar niemand anders kan sien nie? Wat is jou vrese, drome en goed wat jou opgewonde maak? In watter mate het jy dit eerlik met God gedeel?*** Dit maak nie saak hoe skeef dit uit kom nie – hoe opstandig dit mag klink nie – God se skouers is baie breed – Hy kan dit vat. Wees net eerlik.

2. Hou dit eenvoudig.
Dit is ***die klippies*** wat ons onder die pot ingooi vir goeie dreinering. Almal van ons wat kinders in die huis het weet hoe lekker dit as ouer is om te ervaar dat jou kinders jou nodig het. Dit is wanneer hulle kan sê: ***"Pa, Ma, help my hiermee ....."*** En dan is daar skielik 'n reuse rolle-verandering as die kinders tieners word – en skielik moet hulle vir die ouers leer hoe selfone en die DVD-speler werk. In gebed moet ons weer soos klein kindertjies word wat voor ons

hemelse Vader in afhanklik kniel en glo dat alles wat ons nodig het net te vinde is in Hom. In die bekende Matteus 6:5-6 is dit presies wat Jesus wil sê: ***"As julle bid, moet julle nie soos die skeinheiliges wees nie. Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en bid sodat die mense hulle kan sien. Hulle het hulle beloning klaar weg. Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon."*** Jesus sê hier eintlik: *"Kry vir jou 'n stil plek – weg van geraas en mense en fokus op jou hemelse Vader. Fokus net op Hom wat alles het wat jy nodig het - En as jy met jou Vader gesels – hou dit eenvoudig soos net 'n kind kan doen."*

3. Kom in nederigheid.

Nederigheid is die stukkies boombas wat ons saam met die kompos gooi vir suurstof tussen-in. Kyk weer na die bekende gelykenis wat Jesus vertel het van die Fariseër en die tollenaar in Lukas 18: 10-14. Waarna mik Jesus as Hy hierdie gelykenis vertel oor hoogmoed en nederigheid? Hoogmoed is nie hier 'n ding soseer tussen die mens en God nie. Hoogmoed gaan hier oor verhoudings met ander mense. Hoogmoed is 'n gesindheid van "ek is beter" as ander mense. Nederigheid gaan ook oor verhoudings met mense. En dan het nederigheid niks te make met 'n gesindheid van ***"jammer ek leef"*** of ***"elke ou het maar sy foutjie"*** nie. In Romeine 12:3 sê Paulus: ***"Moenie van julleself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het."*** Nederigheid kom in verhoudings met ander mense na vore waar jy minder aan jouself dink en meer aan ander dink. Dit is nederigheid. Nederigheid het alles te make met die mate wat jy aan ander mense kan dink. Hoe kan jy ander help? Hoe kan jy ander mense beter lief hê? Wat sê Jesus dan met die kort gelykenis? Jesus wys hier na die direkte verband tussen gebed en jou verhoudings met mense. Hoogmoed verwoes nie net verhoudings met mense nie, maar verwoes ook gebed. God luister nie na die gebede van hoogmoediges nie. En daarom is dit so belangrik om gereeld vir jouself te vra: ***Hoe lyk my verhoduings met mense?*** In 1 Petrus 3:7 lees ons: ***"Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder."***

4. Hou aan.

Hierdie is die 3:1:5 wat jy bo gooi as kunsmis. Hoeveel van ons is produkte van gebed? Wie van ons is op die oomblik op die plek of is iemand as gevolg van die gebede van iemand wat vir jou gebid het – iemand soos 'n ouer of vriend wat aangehou het om vir jou te bid? Daar gebeur iets in die ander persoon se lewe en ook in jou lewe wanneer aanhou om te bid. Kyk weer na 1 Tessalonisense 5:16-18: ***"Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag."*** Kyk na die ritme: Vreugde(blydskap) – bid gedurig – dankbaarheid. Iets gebeur in jou lewe wat jy nie altyd kan verklaar nie. Wanneer ons bid is daar vreugde en daar kom dankbaarheid – al kry jy nie altyd dit waarvoor jy gevra het nie. Moses het gebid vir die Beloofde Land, maar nooit daarin gegaan nie. Paulus het gebid vir die doring in die vlees, maar dit is nie van hom af weggevat nie. Maar iets gebeur net in jou lewe. Vergelyk ook Filippense 4:6 en 7.

5. Wag aktief.

Leer om aktief te wag. Dit is die kompos vir jou gebed om spontaan te groei. Vergelyk weer Psalm 37:3 – 5. En verder in vers 7 staan: ***"Daarom moet jy in stilte op die Here vertrou."*** Die Engelse NIV sê: ***"Be still before the Lord and wait patiently for Him."*** Vertrou en wag is sinonieme. Baie van ons sit met groot teleurstellings in gebed – sekeres het sommer opgehou bid omdat dit waaroor jy gebid het net nie gerealiseer het nie. As ons regtig glo dat God se tyd die beste tyd is, en dat Hy 'n fyn uitgewerkte plan het vir jou lewe, dan moet jy leer om aktief te wag – hou aan bid, gee dit oor aan die Here, maar wag aktief!

Die Here seën jou!